OPMERKINGS DEUR FW DE KLERK
TYDENS DIE OORHANDIGING VAN DIE 2017 FW DE KLERK-WELWILLDENHEIDSTOEKENNING AAN WAYDE VAN NIEKERK EN ANNA (ANS) BOTHA
KAAPSTAD
22 FEBRUARIE 2017

Dit is vir my ‘n groot plesier om julle almal vanaand hier te verwelkom - en veral ons eregaste en ontvangers van die FW de Klerk-welwillendheidstoekenning vir 2017, Wayde van Niekerk en Ans Botha.

Die Raad van Trustees van die FW de Klerk Stigting het die FW de Klerk-welwillendheidstoekenning in 2010 ingestel om erkenning te verleen aan individue en organisasies wat uitsonderlike bydraes gelewer het tot die bevordering van welwillendheid tussen Suid-Afrikaners. Vorige wenners sluit in dr Danny Jordaan (2011), Pieter-Dirk Uys (2012), Studietrust (2013), Patrice Motsepe (2014), Afrika Tikkun (2015) en adv Thuli Madonsela en die Kantoor van die Openbare Beskermer (2016).

Die Raad van die Trustees van die FW de Klerk Stigting het tydens sy laaste vergadering in 2016 besluit om die FW de Klerk-welwillendheistoekenning vir 2017 aan die afrigter-en-atleet-span van mev Anna (Ans) Botha en mnr Wayde van Niekerk toe te ken.

Die Raad het hulle aangewys ter erkenning van hul wonderlike prestasies en die wyse waarop hulle Suid-Afrika internasionaal verteenwoordig - en wat gelei het tot die uitsonderlike wêreldrekord tydens die Olimpiese Spele in Rio in 2016.

Hul spanwerk het Suid-Afrikaners uit al ons gemeenskappe en van regoor die maatskaplike en politieke spektrum inspireer. Dit het ons voorts ook herinner dat, soos in ons Grondwet verklaar word, “...Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons diversiteit...”, aan ons verbintenis daartoe om “...die potensiaal van elke persoon te bevry...” en om “...‘n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat in staat is om sy regmatige plek in die familie van nasies in te neem.”

Min dinge verenig Suid-Afrikaners so goed - en genereer soveel welwillendheid - soos die sukses wat ons in die internasionale sportarena behaal. Dink net aan die inspirerende prestasie van Andile Phehlukwayo en AB de Villers wat hulle Sondag in die eerste eendagwedstryd se laaste boulbeurte teen Nieu-Seeland behaal het.

Wayde van Niekerk en Ans Botha het weer eens gewys wat ons Suid-Afrikaners kan bereik as ons in welwillendheid saamwerk.

Dink net wat ons kan bereik as ons as ‘n nasie ons kleinlike verskille opsy kan sit en in welwillendheid saamwerk om die uitdagings van armoede, ongelykheid en werkloosheid wat ons samelewing die hoof moet bied, aan te pak.

Net soos Wayde en Ans, het Suid-Afrika die potensiaal om ‘n wêreldkampioen te wees.